LANGEBERG express
ASHTON | BONNIEVALE | MCGREGOR | MONTAGU | ROBERTSON
MORE THAN JUST NEWS AND VIEWS * MEER AS NET INSIGTE EN BERIGTE
JUNE 2015 EDITION 37

# R8 million boost



## National funding invested in Langeberg area


Three parks in Langeberg to get a make-over 2

Drie parke in Langeberg lyk binnekort splinternuut 2

Iipaki ezintathu eLangeberg zizakufumana utshintsho 3

Langeberg Municipality hit by extreme weather 4

Wenke vir vloedveiligheid 5

UMasipala waseLangeberg uthwixwe yimozulu embi kakhulu 5

New form of payments for account holders 6

Nuwe vorm van betaling vir rekeninghouers 6

Indlela entsha yokuhlawulwa kwamatyala kwabo bane-akhawunti zikamasipala 6

Langeberg celebrates Youth Day with an abundance of talent 7

Langeberg vier Jeugdag met oorvloed van talent 7

I-Langeberg ibhiyozela usuku lolutsha ngothotho lweziphiwo 7

# Three parks in Langeberg to get a make-over




This is the blueprint for the upgrading of the Zolani Park.



This is currently how the Zolani park looks.

**It can be said that parks and open spaces for both the young and old in several towns in the Western Cape are either not up to standard or almost non-existent, creating a problem where people start to create informal hangout spots.**

The Langeberg Municipality received R8 million from the Department of Environmental Affairs last year, after handing in an application to secure funding for the upgrading of existing parks and open spaces in previously disadvantaged areas.

Zouwe Lesia, Manager: Parks and Amenities at Langeberg Municipality, said the planning phase has already been completed and they are now in the implementation phase of the project (Upgrading and Greening of Existing Open Spaces).

"We find that the most common issues concerning parks is that the fencing is either damaged or stolen and the surface (grass) of the area is not up to standard," said Lesia.

The project is aimed at upgrading and the rehabilitation of three parks in the Langeberg Municipality which include Happy Valley, Zolani and Robertson (Bo-Dorp). One park in each of these areas will be upgraded.

The deliverables for this project are the following: site clearance, picnic sets, installation of bins, benches, paving, tree planting, childrens' play area, installation of braai stands, 5-a-side football pitch, mini cricket pitch, irrigation system and installation of park lights.

Each park will be unique and will be equipped with different deliverables.

"There are 26 parks in total in the Langeberg region. To properly upgrade each park costs plenty of money and time. This is why we have decided to focus on only a few at a time, to get each one up to a good standard," said Lesia.

She added that her department is looking at creating both play parks and recreational areas so as to cater for both the young and old.

A play park is a designated area for children who are 12 years of age and younger. A recreational park is for people who are 13 years of age and older. Recreational parks, suitable for all ages, usually have braai spots, play areas, tables and an area for sporting activities.

"We have noticed that there is an outcry for formal play or recreational areas for both the young and old in this region. It has also been identified as a need in the different wards during the IDP consultations. We are proud to mention that we are working on ensuring that areas like these are made available for the community to enjoy," she said.

This project has also sparked 98 employment opportunities for locals in the area through the EPWP programme.

Lesia said the project is expected to be completed by June next year. She concluded by mentioning that every three years, the municipality will apply for further funding from the Department of Environmental Affairs, to continue to upgrade the existing parks in the Langeberg region.

# Drie parke in Langeberg lyk binnekort splinternuut

Daar kan gesê word dat parke en oop ruimtes vir jonk en oud, en in verskeie dorpe in die Wes-Kaap, nie op standaard is nie of selfs byna nie bestaan nie, wat 'n probleem skep waar mense begin om self informele kuierplekke te skep.

Die Langeberg Munisipaliteit het verlede jaar R8 miljoen van die departement van omgewingsake ontvang, nadat hulle 'n aansoek ingedien het om finansiering vir die opgradering van die bestaande parke en oop ruimtes in voorheen benadeelde areas.

Zouwe Lesia, bestuurder van parke en geriewe by die Langeberg Munisipaliteit, het gesê die beplanningsfase is reeds voltooi en hulle is nou in die implementeringsfase van die projek (die Opgradering en Vergroening van Bestaande Oop Ruimtes).

"Ons vind dat die mees algemene probleme wat parke betref, is dat die omheining beskadig of gesteel is en dat die oppervlakke (gras) van die area nie op standaard is nie," het Lesia gesê.

Die projek is daarop gemik om drie parke in die Langeberg Munisipaliteit op te gradeer en te rehabiliteer, insluitend Happy Valley, Zolani en Robertson (Bo-Dorp). Een park in elk van hierdie areas sal opgradeer word.

Die meetbare uitkomste van die projek is die volgende: skoonmaak van die persele, piekniekstelle, aanbring van asblikke, banke, plaveisel, bome wat geplant sal word, speelareas vir kinders, inrig van braaiplekke, 'n vyf-aan-'n-kant-sokkerveld, minikrieketblad, besproeiingstelsel en installering van ligte.

Elke park sal uniek wees en toegerus met verskillende van hierdie geriewe.

"Daar is 26 parke in totaal in die Langebergstreek. Om elke park voldoende op te gradeer kos heelwat geld en tyd.

"Dit is waarom ons besluit het om net op 'n paar op 'n slag te fokus, sodat elkeen op 'n goeie standaard kan kom," het Lesia gesê.

Sy het bygevoeg dat haar departement daarna kyk om beide speelparke en ontspanningsareas te skep sodat daar vir jonk en oud voorsiening gemaak kan word.

'n Speelpark is 'n toegewysde area vir kinders wat 12 jaar en jonger is. 'n Ontspanningspark is vir mense wat 13 jaar en ouer is. Ontspanningsparke is geskik vir alle ouderdomme, het gewoonlik braaiplekke, speelplek, tafels en 'n area vir sportaktiwiteite.

"Ons het opgelet dat daar 'n groot behoefte vir formele speel- of ontspanningsareas vir oud en jonk in ons streek is. Dit is tydens die GOP-gesprekke as 'n behoefte in verskillende wyke geïdentifiseer. Ons is trots om te sê dat ons daaraan werk om te verseker dat areas soos hierdie beskikbaar gestel word vir die gemeenskap om te geniet," het sy gesê.

Die projek het ook 98 werksgeleenthede vir plaaslike inwoners in die area geskep deur die EPWP-program. Lesia het gesê die projek sal na verwagting teen Junie volgende jaar voltooi wees.

Sy het afgesluit deur ook te noem dat die munisipaliteit elke drie jaar vir verdere finansiering van die departement vanaf omgewingsake sal aansoek doen, om voort te kan gaan om die bestaande parke in die Langeberg-streek op te gradeer.



Zouwe Lesia, bestuurder: parke en geriewe by die Langeberg Munisipaliteit.

# Iipaki ezintathu eLangeberg zizakufumana utshintsho



**Kusenokutshiwo ukuba iipaki kunye namabala avulelekileyo nawenzelwe abatsha kunye nabadala kwiidolophu eziliqela kweli leNtshona Koloni kungathi kanti azikho semgangathweni okanye ziyafana nezingekhoyo, ntoleyo edala ingxaki apho khona abantu bezenza ibezindawo zokubutha ezingekho semthethweni.**

Kunyaka ophelileyo uMasipala waseLangeberg ufumene izigidi ezi-R8 kwiSebe leMicimbi Yokusinqongileyo, oku kusemva kokuba kufakwe isicelo, ukuzama ukuqinisekisa ukuba bayafumana kwimali yokuphuculwa kweepaki esele zikhona kwakunye nabala avulelekileyo nezikwezo ngingqi ezazikade zihlelekile ngaphambili.

UZouwe Lesia, uMlawuli:weePaki nokuZonwabisa kuMasipala waseLangeberg, uthe isigaba sokugcwangcisa sele sigqityiwe kwaye kungoku nje bakwisigaba sokwenziwa kweprojeki (Ukuphuculwa kunye Nokwenziwa luhlaza Kwamabala Avulelekileyo).

"Sifumanise ukuba eyona miba ixhaphakileyo malunga neepaki yeyokuba mhlawumbi ucingo lonakalisiwe okanye lubiwe kananjalo nengca ekulo ndawo ibe nayo ingekho sengangathweni," utshilo uLesia.

Injongo zale projeki kukuphucula kunye nokuvuselela kweepaki ezintathu kuMasipala waseLangeberg neziquka i-Happy Valley, i-Zolani kunye neRobertson (e-Bo-Dorp). Ipaki enye kwingingqi nganye izakuphuculwa.

Iziphumo zaleprojeki zezi zilandelayo: ukucocwa kwendawo, ukufakwa kwezinto zepikiniki, ukufakelwa kwemigqomo, iibhentshi, ukwenziwa kwendlela yezitena, ukutyalwa kwemithi, indawo yokudlala abantwana, ukwenziwa kweendawo zokosa inyama, indawo ezi-5 zokudlala ibhola ekhatywayo, indawo yokudlala iqakamba, imibhobho yamanzi okunkcenkcetshela ehamba phantsi komhlaba kunye nokufakelwa kwezibane zasepakini.

Ipaki nganye izakuzifanela yodwa futhi izakuba neziphumo ezahlukileyo kwenye.

"Zingama-26 zizonke iipaki ezikule ngingqi yaseLangeberg. Ukuyilungisa ipaki nganye ngokufanelekileyo kubiza imali eninzi kwaye kuthatha nexesha. Yiyi lonto kufuneka sithathe isigqibo sokunika ingqalelo kwezimbalwa ngexesha, ukuze leyo inye siyenze ibesengangathweni omhle,"utshilo uLesia.

Wongezelele ngelithi isebe lakhe lijonge ekwakheni iipaki zokudlala kunye neendawo zokuzonwabisa ukuzama ukulungiselela abo batsha kwakunye nabo badala.





Ipaki yokudlala yindawo eyenzelwe abantwana abaminyaka ili-12 nangaphantsi. Yona ipaki yokuzonwabisa yeyabantu abakwiminyaka eli-13 nangaphezulu. Iipaki zokuzonwabisa, zilungele wonke ubani, zona zivamise ngokuba neendawo zokosa inyama, iindawo zokudlala, iitafile kunye neendawo zodlala imidlalo.

"Siye saqaphela ukuba kuye kwabakho ukukhalelwa kwendawo ezisemthethweni zokudlala/ zokuzonwabisa ezenzelwa abatsha kunye nabadala kule ngingqi. Oko kuyekolathwa njengendingeko kwiiwadi ezahlukeneyo ngexesha kuboniswana nge-IDP. Siyazingca ukuvakalisa ukuba sisebenzela ukuqinisekisa ukuba iindawo ezifana nezi zenziwe zakhona eluntwini ukuze luzonwabele,"utsho njalo. Le projeki yenzele abahlali bakule ngingqi amathuba ali-98 emisebenzi oko kusenziwa ngenkqubo ye-EPWP.

ULesia uthe leprojeki ilindeleke igqitywe ngoJuni walo nyaka uzayo.

Uqukumbele ngokuchaza ukuba eleke minyaka emithathu, umasipala uzakwenza isicelo sokufumana kwakho imali kwiSebe leMicimbi Yokusinqongileyo, ukuze kuqhutyekwe kuphuculwa iipaki ezikhoyo kule ngingqi yaseLangeberg.



# Langeberg Municipality hit by extreme weather

**The Langeberg Municipal Region was hit hard by extreme weather earlier this month, which caused certain bridges to be inaccessible and road closures for several hours.**

Joel Constable, Acting Manager: Fire Services and Disaster Management at Langeberg Municipality said it's not a given that this region is annually affected by extreme flooding.

"The Langeberg area does not get affected every year. It all depends on the rainfall for the winter.

"This region experiences most of the flooding during the winter period though. We also had some flooding in the month of January," said Constable.

The areas which are predominantly affected by flooding include the Cogmanskloof (R62) between Ashton and Montagu, certain farm areas, low water bridges and informal settlements.

"When flooding is severe, the Joint Operational Centre (J.O.C.) will be activated, meaning all role players (Fire, Disaster Management, Traffic, Police, etc.) will report to this centre from where the situation will be monitored," he said.

The Langeberg Municipality has a thorough Disaster Management Plan which includes detailed statistics on flooding in the area and the activation of the J.O.C in conjunction with the Cape Winelands District Municipality.

In 1981, a total of 13 people died due to flooding in the Langeberg Region. In 2003 and 2008, infrastructural damage was reported.

When flooding occurs, alternative routes to access Montagu will be through the Koo, N1, De Doorns, Worcester and Robertson. Alternatively motorists can travel through Barrydale, Tradouw Pass, Swellendam and then (enter) Ashton.

Constable concluded that there are certain challenges which arise during crises like flooding such as staff not be able to report to work, electricity outages, strong winds, closing of the Cogmanskloof, answering public questions regards to alternative routes and cleaning of roads.

For more information about Langeberg Municipality's Disaster Management Plan visit our website at www.langeberg.gov.za.

## Flooding safety tips

**At home:**
- Keep sandbags ready to divert water from your home, during the winter
- Stay indoors and off the roads
- Listen for warnings on radio and TV
- Alert your neighbours, of flooding (evacuation)
- If you are advised to evacuate, do so immediately
- Move valuables to a safe place above the expected flood level
- Unplug electrical appliances
- Switch off gas
- Stay away from electrical wires
- Do not drink or play in flood water
- If your home gets flooded move to higher ground, including animals

**At Work:**
- Have an evacuation plan ready
- Stay indoors and off the roads
- Be ready to respond and act quickly
- Look at signs of flooding
- Listen to authorized personnel for instructions (evacuations)
- Act as quickly as possible when you need to evacuate
- Move valuables to a safe place above the expected flood level

**At school:**
- Always be ready to respond and act quickly
- Check for signs of flooding
- Do not walk over low water bridges, at all
- Stay away from streams and river banks where water is above your ankles
- Children should not play in flood water

**On the road:**
- Never drive on a road that is flooded with water. You do not know how deep it is or if the road has been washed away
- If your vehicle stalls, leave it immediately and seek higher ground
- Be careful at night times when it is harder to recognize flooding dangers
- Do not drive over low water bridges
- Avoid streams and river banks
- Stay away from open and partially closed storm water drainage system
- If trapped in a flood while in your vehicle, abandon it instead of trying to drive. Move to higher ground.

## Langeberg Munisipaliteit getref deur ekstreme weer

Die Langeberg munisipale area is vroeër vandeesmaand hard getref deur ekstreme weer, wat veroorsaak het dat sekere brûe onbegaanbaar was en paaie vir etlike ure gesluit moes word.

Joel Constable, waarnemende bestuurder van branddienste en rampbestuur by die Langeberg Munisipaliteit, het gesê dit is nie 'n gegewe dat die streek jaarliks deur ekstreme vloede geraak sal word nie. "Die Langeberg-area word nie elke jaar geaffekteer nie. Dit hang alles af van die reënval vir die winter.

"Hierdie streek ervaar die meeste van sy vloede in die wintertyd. Ons het ook effense vloede in die maand van Januarie gehad," het Constable gesê.

Die areas wat hoofsaaklik deur oorstromings geraak word, sluit die Kogmanskloof (R62) tussen Ashton en Montagu in, sekere plaasgedeeltes, laagwaterbrûe en informele nedersettings.

"Wanneer vloede intensief is, word die Gesamentlike Operasionele Sentrum (J.O.C.) in werking gestel, wat beteken alle rolspelers (brandweer, rampbestuur, verkeer, polisie, ens.) sal aan hierdie sentrum rapporteer vanwaar die situasie gemonitor sal word," het hy gesê.

Die Langeberg Munisipaliteit het 'n deeglike rampbestuurplan wat gedetailleerde statistieke oor vloede in die area insluit en die inwerkingstelling van die J.O.C. in samewerking met die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit.

In 1981 is altesaam 13 mense dood weens vloede in die Langeberg-streek. In 2003 en 2008 is skade aan infrastruktuur aangemeld.

Wanneer vloede voorkom, is alternatiewe roetes om by Montagu uit te kom deur die Koo, dan die N1, De Doorns, Worcester en dan Robertson. Alternatiewelik moet motoriste deur Barrydal, die Tradouwpas en Swellendam ry en dan Ashton binnery.

Constable het afgesluit deur te sê dat daar sekere uitdagings is wat opduik in krisissituasies soos vloede, soos personeel wat nie vir werk kan aanmeld nie, kragonderbrekings, sterk winde, die sluiting van Kogmanskloof, om die publiek se vrae oor alternatiewe roetes te beantwoord en die skoonmaak van paaie. Vir meer inligting oor die munisipaliteit se rampbestuurplan, besoek ons webwerf by www.langeberg.gov.za.

# Wenke vir vloed-veiligheid

**By die huis:**
- Hou in die winter sandsakke gereed om water van jou huis weg te keer.
- Bly binnenshuis en uit die strate.
- Luister vir waarskuwings op radio en TV.
- Waarsku jou bure oor vloede of ontruiming.
- As jy gewaarsku word om te ontruim, doen dit onmiddellik.
- Verskuif waardevolle items na 'n veilige plek bo die verwagte vloedvlak.
- Haal elektriese toebehore se muurproppe uit.
- Draai gassilinders toe.
- Bly weg van elektriese kabels.
- Moenie vloedwater drink of daarin speel nie.
- As jou huis oorstroom word, beweeg na 'n hoërliggende area en neem jou diere saam.

**By die werk:**
- Hou 'n ontruimingsplan gereed.
- Bly binnenshuis en uit die strate.
- Wees gereed om vinnig te reageer en op te tree.
- Kyk uit vir tekens van oorstroming.
- Luister na personeel wat gemagtig is vir instruksies oor ontruiming.
- Tree so gou moontlik op wanneer jy nodig het om te ontruim.
- Verskuif waardevolle items na 'n veilige plek bo die verwagte vloedvlak.

**By die skool:**
- Wees altyd gereed om vinnig te reageer en op te tree.
- Kyk uit vir tekens van oorstroming.
- Moet glad nie oor laagwaterbrûe loop nie.
- Bly weg van strome en rivier-oewers waar water hoër as enkeldiepte is.
- Kinders moenie in vloedwater speel nie.

**Op die pad:**
- Moet nooit op 'n pad ry wat deur water oorstroom is nie. Jy weet nie hoe diep dit is en of die pad weggespoel is nie.
- As jou voertuig doodruk, verlaat dit onmiddellik en beweeg na 'n hoërliggende area.
- Wees versigtig in die nag wanneer dit moeiliker is om vloedgevaar raak te sien.
- Moenie oor laagwaterbrûe bestuur nie.
- Vermy strome en rivier-oewers.
- Bly weg van oop en half-toe stormwater-dreineringstelsels.
- Indien jy vasgekeer is in oorspoelde areas terwyl jy in jou voertuig is, verlaat dit eerder as om te probeer om uit die water te bestuur. Beweeg na 'n hoërliggende area.



Joel Constable, waarnemende bestuurder van branddienste en rampbestuur.



# UMasipala waseLangeberg uthwixwe yimozulu embi kakhulu

**INgingqi kaMasipala waseLangeberg ithwixwe kabuhlungu yimozulu embi kakhulu kubutsha balenyanga iphelileyo, nebangele ukuba iibholorho ezithile zingabinakho ukusebenziseka kwanokuvalwa kweendlela iiyure eziliqela.**

UJoel Constable, Ibambela loMlawuli: Weenkonzo Zemililo kunye noLawulo lweNtlekele kuMasipala waseLangeberg uthe asinto iqhele ukwenzeka ukuba eleke nyaka lengingqi ichaphazeleke kukhukhuliseko olubi kangaka.

"Ingingqi yaseLangeberg ayichatshazelwa yonke iminyaka. Konke kuxhomekeka ekuneni kwemvula yobo busika. Noko le ngingqi iqhele ukufumana ubukhulu bezikhukhula ngethuba lexesha lasebusika. Besikhe sanalo ukhukhuliseko kwinyanga kaJanuwari,"utshilo uConstable.

Ezona ngingqi zichaphazeleke kakhulu lukhukhuliseko zezo ziquka i-Cogmanskloof (R62) phakathi kwe-Ashton kunye ne-Montagu, ingingqi ezithile ezisefama, iibholorho zamanzi angaphakamanga kwakunye nasematyotyombeni.

"Xa ukhukhuliseko lulubi kakhulu, kuye kuvuswe Iziko Elidibeneyo Lentsebenziswano (J.O.C.), oku kuthetha ukuba bonke abo badlala indima ethile (Abenkonzo zoMlilo, Abolawulo lweNtlekele, Amagosa Endlela, Amapolisa, nabanye) bahlanganiselana kweliziko kubelapho ke bayihlola khona imeko,"utsho njalo.

UMasipala waseLangeberg uneSigcwangciso soLawulo lweNtlekele esiqotho nesiquka iinkcukacha manani malunga nezikhukhula zakulo ngingqi kwakunye nokuvuselelwa kwe- J.O.C ngokubambisana noMasipala weSithili seCape Winelands.

Ngo-1981, babemalunga ne-13 abantu abathi basweleka ngenxa yezikhukhula kule Ngingqi yaseLangeberg. Ngo-2003 kunye no-2008, kwabikwa umonakalo weenkonzo ezingundoqo zikamasipala.

Xa kusenzeka ukhukhuliseko, ezinye zendlela zokungenela e-Montagu yileyo iphumela e-K00, ku-N1, e-De Doorns, e-Worcester kunye naseRobertson. Okanye abaqhubi beemoto bangahamba nge-Barrydale, nge-Tradouw Pass, nge-Swellendam bayokungena e-Ashton.

UConstable uqukumbele ngelithi kuye kubekho eminye imicelimngeni ethi ibekhona ngexesha lokhukhuliseko nefana nokungakwazi ukuya emsebenzi kwabasebenzi, ukucima kombane, ukuvalwa kwe-Cogmanskloof, ukuphendulwa kwemibuzo evela eluntwini malunga nendlela ezizezinye abanokuzisebenzisa kunye nokucocwa kweendlela.

Ngeenkcukacha ezithe vetshe malunga ne-Sigcwangciso soLawulo lweNtlekele sikaMasipala waseLangeberg tyelela iwebhusaythi ku- www.langeberg.gov.za.

# Amanqaku Okuzikhusela Kwizikhukhula

**Ekhaya:**
- Gcina iingxowa zesanti ukuze uzisebenzise uk)uthintela amanzi angangeni endlwini yakho, ngexesha lasebusika
- Hlala endlwini ungabi sendleleni
- Mamela izilumkiso kunomathotholo nakwi-TV
- Lumkisa abamelwane, ngezikhukhula(nisuke kulo ndawo)
- Ukuba uye wacetyiswa ukuba usuke kulo ndawo, kwenze oko ngokukhawuleza
- Thuthela izinto zexabiso kwindawo ekhuselekileyo ngentla kwezinga lamanzi ezikhukhula
- Zikhupe eplagini izinto zombane
- Cima irhasi
- Yiba kude nentambo zombane
- Musa ukusela okanye udlale emanzini ezikhukhula
- Ukuba indlu yakho iye yakhukhuliseka nyukela kwindawo engentla ephakamileyo, uthathe nezilwanyana

**Emsebenzi:**
- Yiba nesigcwangciso sendlela yokupha kulo meko
- Zigcine ngaphakathi ungabisendleleni
- Yiba ngokulungeleyo ukusabela nokwenza oko kufanelekileyo kwamsinyane
- Khangela iimpawu ezimalunga nokhukhuliseko
- Mamela imiyalelo yabasebenzi abangunyazisiweyo (yokususwa kulo ndawo)
- Yenza ngokukhawuleza xa kufuneka usuke kulo ndawo
- Thuthela izinto zexabiso kwindawo ekhuselekileyo ngentla kwezinga lamanzi ezikhukhula



**Esikolweni:**
- Yiba ngokulungeleyo ukusabela nokwenza oko kufanelekileyo kwamsinyane
- Khangela iimpawu ezimalunga nokhukhuliseko
- Musa ukuhamba kwibholorho zamanzi angaphakamanga
- Yiba kude nemifula okanye iindonga zemilambo nalapho amanzi ema ngaphezu kwamaqatha akho.
- Abantwana akufunekanga badlale kumanzi okhukhuliseko

**Endleleni:**
- Musa ukuqhuba endleleni enamanzi ezikhukhula. Ngoba awazi ukuba anzulu kangakanani na nokuba mhlawumbi indlela leyo imke namanzi
- Ukuba imoto yakho iyeyama, yishiye kwangoko uzama ukufumana indawo onokuma kuyo ephakamileyo
- Lumka ingakumbi ngexesha lasebusuku xakanye kuye kubenzima ukuzibona iingozi ezibangelwa zizikhukhula
- Musa ukuqhuba kwibholorho enamanzi angaphakamanga
- Sukusondela kwimifula okanye kwiindonga zemilambo
- Hambela kude kwindawo apho khona iziciko zemibhobho yamanzi emvula zivulekile okanye zingavalekanga kakuhle
- Ukuba uvalelekile ngenxa yesikhukhula ngelixesha usemotweni yakho, yishiye, endaweni yokuba uzame ukuyiqhuba kulo manzi. Yiya kwindawo ethe ncothu. Yiya kwindawo onokuma kuyo ephakamileyo.

# Results of water analysis

It is important that treated water complies with the strict South African National Standards (SANS). Analysis reports are done monthly at these purification plants by an external service provider, the SANS accredited A.L. Abbot and Associates. The latest available report, compiled in May, breaks down the five towns' treated water results and shows the water to be safe according to the SANS 241 standards as indicated in this SANS certificate of analysis report.

Dit is belangrik dat die behandelde water voldoen aan die streng Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS). Ontledingsverslae word op 'n maandelikse basis by hierdie suiweringsaanlegte deur 'n eksterne diensverskaffer, die SANS-geakkrediteerde A.L. Abbot and Associates, gedoen. Die mees onlangse verslag, saamgestel in Mei, gee 'n uiteensetting van die vyf dorpe se behandelde water en dui aan dat die water veilig is volgens die SANS 241-standaard, soos in die tabel hierbo.

Ingingqi yaseLangeberg inamaziko amahlanu okucoca amanzi aselwayo kunye namanye amahlanu okucoca awelindle. Kubalulekile ukuba oku kucocwa kwamanzi kwenziwe ngokwemigqaliselo enqinqwe ngabakwaSouth National Standards (SANS). Iingxelo zokuhlolwa kwamanzi zenziwa rhoqo ngenyanga kulo maziko okucocwa kwamanzi, lusenziwa leqela langaphandle elinikezela ngalo nkonzo, lakwa- A.L. Abbot and Associates neliphunyeziweyo lakwa-SANS. Ingxelo yamva-nje equlunqwe nguMasipala waseLangeberg ngo-uMeyi icazulula iziphumo zokucocwa kwamanzi kwidolophu zontlanu, ikwaphawula neziphumo zokukhuseleka kwamanzi ngokwamanqanaba ka-SANS 241 nanjengoko kubonakalisiwe kwesi sigcangca sengxelo yokuhlolwa singezantsi neyenziwe ngabakwa-SANS.

| ANALYSES | ASHTON<br>Sample no.: 10039<br>Date Sample: 2015/05/07<br>Date Analysed: 2015/05/08 | BONNIEVALE<br>Sample no.: 10028<br>Date Sample: 2015/05/07<br>Date Analysed: 2015/05/08 | McGREGOR<br>Sample no.: 10023<br>Date Sample: 2015/05/07<br>Date Analysed: 2015/05/08 | MONTAGU<br>Sample no.: 10033<br>Date Sample: 2015/05/07<br>Date Analysed: 2015/05/08 | ROBERTSON<br>Sample no.: 10017<br>Date Sample: 2015/05/07<br>Date Analysed: 2015/05/08 | SANS 241-1 2011 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| pH (at 25 °C) | 6.83 | 7.63 | 6.65 | 7.08 | 7.19 | ≥ 5 - ≤ 9,7 Operational |
| Conductivity (mS/m) – at 25 °C | 75.5 | 142 | 10.0 | 69.0 | 15.0 | ≤ 170 Aesthetic |
| Turbidity (NTU) | 0.13 | 0.60 | 0.48 | 0.90 | 1.0 | ≤ 5 Aesthetic ≤ 1 Operational |
| Langelier Saturation Index (at 25 °C) | -0.64 | -0.40 | -3.7 | -1.5 | -2.3 | N/A |
| Ryznar Index | 8.1 | 8.4 | 14.0 | 10.2 | 11.9 | N/A |
| Colour (mg/l as Pt) | 5 | <4 | <4 | <4 | <4 | ≤15 Aesthetic |
| CaCO3 Precipitation Potential (mg/l) | -85.6 | -8.0 | -16.0 | -21.0 | -10.4 | N/A |
| Total Alkalinity (mg/l as CaC03) | 752 | 120 | <11.0 | 56.4 | 21.2 | N/A |
| Total Hardness (mg/l as CaC03) | 3.8 | 192 | 7.5 | 89.1 | 19.8 | N/A |
| Calcium (mg/l as Ca) | 13.6 | 25.5 | 1.2 | 13.0 | 3.8 | N/A |
| Magnesium (mg/l as Mg) | 14.6 | 31.3 | <1.1 | 13.8 | 2.5 | N/A |
| Aluminium (ug/l as Al) | 97 | 728 | 269 | 39 | 202 | ≤ 300 Operational |
| Iron (ug/l as Fe) | <24 | <24 | <24 | 59 | 59 | ≤ 300 Aesthetic ≤ 2 000 Chronic Health |
| Free Chlorine (mg/l) | 1.6 | 1.4 | 0.07 | 0.53 | 0.54 | ≤5,0 Chronic Health |
| E.coli (count per 100 ml) | <1 | <1 | <1 | <1 | <1 | Not Detected Acute Health -1 |
| Total Coliform bacteria (count per 100 ml) | <1 | <1 | <1 | <1 | <1 | ≤ 10 Operational |
| Calcium Hardness (mg/l as CaC03) | 34.0 | 63.8 | 3.0 | 32.5 | 2.5 | N/A |
| Magnesium Hardness (mg/l as CaC03) | 59.9 | 128 | 4.5 | 56.6 | 10.3 | N/A |

## NEW FORM OF PAYMENTS FOR ACCOUNT HOLDERS

All Langeberg municipal account holders' lives will be made a little simpler with the introduction of a new way of paying their municipal bills – online.

Conrad Hoffmann, Chief Financial Officer at the municipality explained that the municipality is beginning to utilise technology and the online space to make it simpler for account holders to pay their bills. Easypay, a website dedicated to processing account payments, ensures that clients can pay their bills in real time (all transactions are real time between Easypay and the municipality) by using their computer, tablet or smartphone. All that is required is an internet connection. You have to register on this platform.

Hoffmann said there are also new pay points for paying municipal bills. "Account holders can now conveniently visit any Pick n Pay, Shoprite or Spar to pay their municipal accounts. By making this new online payment sites and new pay points available we eliminate reasons why accounts cannot be paid or are outstanding. This is one of our biggest challenges."

How to register on Easypay:

1). Go onto the internet and type in www.easypay.co.za. 2). Fill in your login and personal details. 3). Verify your mobile number by entering a One Time Password which will be sent to your phone. 4). Upon completion of this step you will be abled to pay bills.

## NUWE VORM VAN BETALING VIR REKENINGHOUERS

Langeberg munisipale rekeninghouers se lewens sal 'n bietjie eenvoudiger raak met die bekendstelling van 'n nuwe manier van betaal vir munisipale rekeninge – aanlyn.

Conrad Hoffman, hoof finansiële beampte by die munisipaliteit, sê dat die munisipaliteit besig is om tegnologie en die aanlynwêreld te begin gebruik om dit eenvoudiger te maak vir rekeninghouers om rekeninge te betaal.

Easypay, 'n webwerf gewy aan die prosessering van rekeningbetalings, verseker dat kliënte rekeninge onmiddellik kan betaal (alle transaksies is onmiddellike betalings tussen Easypay en die munisipaliteit) deur hul rekenaar, tablet of slimfoon te gebruik. Al wat nodig is, is 'n internetverbinding. Gebruikers moet op die platform registreer.

Hoffman sê daar is ook nuwe punte om munisipale rekeninge te betaal. "Rekeninghouers kan nou gerieflik enige Pick n Pay, Shoprite of Spar besoek om hul rekeninge te betaal. Deur hierdie nuwe aanlyn-betalingswebwerf en -punte beskikbaar te maak, ruim ons redes uit die weg waarom rekeninge nie betaal kan word nie, of agterstallig is. Dit is een van ons grootste uitdagings."

Hoe om op Easypay te registreer:

1). Gaan na die internet en tik www.easypay.co.za in. 2). Vul jou aanteken- en persoonlike besonderhede in. 3). Verifieer jou selfoonnommer deur 'n eenmalige wagwoord in te tik wat na jou foon gestuur word. 4). Ná jy dié stap voltooi het, sal jy rekeninge kan betaal.

## INDLELA ENTSHA YOKUHLAWULWA KWAMATYALA KWABO BANE-AKHAWUNTI ZIKAMASIPALA

Bonke abane-akhawunti zikamasipala nabakwingingqi yaseLangeberg ubomi babo buzakwenziwa bubelula noko ngokungeniswa kwalendlela intsha yokuhlawulwa kwamatyala kamasipala – ngekhompyutha.

UConrad Hoffman, iGosa Eliphezulu leZimali kuMasipala waseLangeberg, uyewachaza ukuba umasipala uqalisa ngokusebenzisa ubuchwephetshe obutsha bekhompyutha ukwenzela lula abo bane-akhawunti zikamasipala ukuze bakwazi ukuhlawula amatyala abo naphi na apho bakhoyo.

U-Easypay, iwebhusaythi ekwikhompyutha(www.easypay.co.za), nelungiselelwe ukuhlawulwa kwee-akhawunti izakuqinisekisa ukuba abasebenzisi bayo banakho ukuhlawula amatyala abo kwangethuba (yonke iintlawulo oyenzayo ngo-Easypay ivela kwangoko kwi-akhawunti yakho yakamasipala) nokuba usebenzisa ikhompyutha , i-tablet okanye i-smartphone sakho. Into nje oyidingayo kukuqagamsheleka kwi-intanethi.

Kufuneka uyibhalisele ukuze ubenakho ukufikelela kule-webhusaythi ntoleyo ezakwenza ukwazi ukusebenzisa inkqubo yayo.

UHoffman uthe zikhona eziNye iindawo ezintsha ezenzelwe ukuhlawula apho khona abo bane-akhawunti zikamasipala bangayokuhlawula khona amatyala abo. "Abo bane-akhawunti zikamasipala, ngoku bangayokuzihlawula ngexesha elibafaneleyo bona nakowuphina u-Pick n Pay, kwa-Shoprite okanye kwa-Spar.

"Ngokwenza lendlela intsha yokuhlawula nge-webhusaythi kwakunye nokumisela ezondawo zintsha zokuhlawula sisusa izizathu ezenza angahlawulwa amatyala okanye zibesemva ii-akhawunti. Leyo yeyona micelingeni esijongene nayo," uthethe watsho uHoffman.

**Umbhalisela njani u-Easypay:**

1). Yiya kwi-intanethi uthayiphe u-www.easypay.co.za

2). Faka iingcukacha ezifuna i-login kunye nezo zimalunga nawe

3). Qinisekisa inombolo yakho yeselufoni, ngokuthi ufake i-One Time Password nezakuthunyelwa kwiselufoni yakho.

4). Wakube usigqibile esisigaba ungakwazi kengoku ukusebenzisa iwebhusaythi ukuhlawula amatyala.

# Langeberg celebrates Youth Day with an abundance of talent

**"Keep yourself healthy, focussed and believe you can achieve great heights!"**

So says Dave van Schalkwyk, Manager: Social Development at the Langeberg Municipality, who mentioned that with the right attitude, determination and hard work, the possibilities are endless for any young person.

The Langeberg Municipality hosted a special event to celebrate Youth Day earlier this month (16 June 2015), to commemorate those young pupils who put their lives at risk on 16 June 1976 for the sake of freedom in South Africa.

About 250 youth members, mainly from areas such as Robertson, Nkqubela, McGregor, Bonnievale and Zolani attended the event which was held at the Ashton Hall.

Performances from the following local groups which include: Chakalaka Band, Khoisan Riel Dancers, Vangnet Project, Akhona Luwalala, Vertigo Gumboot Dancers, Mother Tongue Project, Langeberg Steel Band, Next Step Dance Company, Oyisa Gospel Choir, Masibambaneni Ngothando Care Centre, Radicals and Ikhwezi, all ensured for an entertaining programme.

Cllr. Khanyile Klaas, Executive Deputy Mayor at Langeberg Municipality, explained to the youthful audience that 16 June highlights the role played by the youth in the liberation of South Africa during the Soweto uprising in 1976.

However, he added, today's youth should "build on the past and look forward to the future as many of the obstacles have been removed."

Klaas placed emphasise on the fact that one's background or circumstances does not determine where they will end up one day. "Even if you are a pupil at a township school, you can attain great heights in the future," he said.

He gave an example of a pupil from Nkqubela who is presently a doctor at Robertson Hospital. He highlighted the fact that all youth can achieve their dreams if they apply themselves.

It is important, said Van Schalkwyk, that the youth, through music, dance, poetry and drama, can express themselves clearly and uninhibited.



New New Generations Arts Development Studio (Robertson).



Chakalaka Band (Rural Area).



New Generation, Arts Development Studio (Robertson)



Next Step Dance Company (Zolani).

# I-Langeberg ibhiyozela usuku lolutsha ngothotho lweziphiwo

"Zigcine uphilile, unike ingqalelo futhi ukholelwe ukuba ungayokufikelela kumazinga aphezulu."

Uthethe wenjenjalo uDave van Schalkwyk, uMlawuli: woPhuhliso LweNtlalontle, kuMasipala waseLangeberg, nochaze ukuba ukumisela ingqondo yakho kokulungileyo, ukuzimisela kwakunye nokusebenza nzima, amathuba akasokuze amphelele nawuphi na umntu omtsha.

UMasipala waseLangeberg ubesingathe umsitho okhethekileyo kubhiyozelwa Usuku Lwabatsha ebutsheni bale nyanga (16 Juni 2015), kukhunjulwa abobafundi abatsha nabathi babeka ubomi babo engciphekweni ngomhla we-16 Juni 1976 ngenxa yenkululeko yaseMzantsi Afrika.

Malunga nolutsha olwalumalunga nama-250, isininzi salo siphuma kwingingqi yase Robertson, e-Nkqubela, e-McGregor, e-Bonnievale kunye naseZolani ebeluhambele lomsitho owawubanjelwe kwiHolo lase-Ashton.

Abadlali babephuma kulamaqela asekuhlaleni alandelayo kuquka: Iqela loMculo leChakalaka, Abaxhentsi beKhoisan Riel, i-Projeki ye-Vangnet, u-Akhona Luwalala, Abaxhentsa ngeGumboots beqela leVertigo, i-Projeki yoLwimi lukaMama, Iqela loMculo leLangeberg Steel, Abaxhentsi benkampani yeNext Step, Ikwayala yoMculo weNkolo i-Oyisa, Iziko lokunakekela iMasibambane Ngothando, iRadicals kunye ne-Ikhwezi, bonke baqinisekise ngenkqubo eyonwabisayo.

UCeba uKhanyile Klaas, Isekela likaSodolophu weSigqeba kuMasipala waseLangeberg, ucacisele abo baphulaphuli batsha ukuba umhla we-16 Juni uphawula indima eyadlalwa lulutsha kwinkululeko yaseMzantsi Afrika ngexesha lovukela eSoweto ngo-1976.

Sekunjalo, wongezelela ngelithi, ulutsha lwanamhlanje kufuneka "lwakhe phezu koko sekudlulile bajonge phambili kwikamva nanjengoko imiqobo emininzi sele isusiwe."

UKlaas ugxininise kwinto yokuba imvelaphi yakho okanye imeko okuyo ayikukhetheli apho uyakuphelela khona ngenye imini.

"Nokuba ungumfundi kwisikolo saselokishini, unganakho ukufikelela kwindawo eziphezulu ngenye imini."utshilo.

Wanika umzekelo ngomfundi ophuma eNkqubela nekungoku nje ungugqirha kwiSibhedlele sase-Robertson. Ukwaphawule nento yokuba lonke ulutsha lunako ukuwaphumeza amaphupha abo ukuba nje bayazinikezela.

Kubalulekile, utshilo uVan Schalkwyk, ukuba ulutsha, ngokomculo, ngokomxhentso, kwanangomdlalo weqonga, banganakho ukuzibonakalisa ngokucacileyo bengavinjelwa nto.

# Langeberg vier Jeugdag met oorvloed van talent

"Hou jouself gesond, gefokus en glo dat jy groot hoogtes kan bereik!"

Só het Dave van Schalkwyk, bestuurder van sosiale ontwikkeling by die Langeberg Munisipaliteit, gesê en bygevoeg dat met die regte gesindheid, vasberadenheid en harde werk, die moontlikhede eindeloos is vir 'n jongmens.

Die Langeberg Munisipaliteit het vroeër die maand 'n spesiale geleentheid aangebied om Jeugdag (16 Junie) te vier, om daardie jong leerlinge te gedenk wat hul lewens op 16 Junie 1976 vir vryheid in Suid-Afrika op die spel geplaas het.

Sowat 250 jongmense, hoofsaaklik van areas soos Robertson, Nkqubela, McGregor, Bonnievale en Zolani, het die geleentheid in die Ashton-saal bygewoon.

Optredes deur die volgende plaaslike groepe, wat insluit Chakalaka Band, Khoisan Rieldansers, Vangnet Projek, Akhona Luwalala, Vertigo-stewel-dansers, Mother Tongue Project, Langeberg Steel Band, Next Step Dance Company, Oyisa Gospel Choir, Masibambaneni Ngothando Care Centre, Radicals en Ikhwezi, het almal verseker dat daar 'n vermaaklike program aangebied kon word.

Rdl. Khanyile Klaas, uitvoerende onderburgemeester van die Langeberg Munisipaliteit, het aan die jong gehoor verduidelik dat 16 Junie die rol uitlig wat die jeug tydens die Soweto-opstand in 1976 in die bevryding van Suid-Afrika gespeel het.

Hy het egter bygevoeg dat vandag se jeug op die verlede moet "voortbou en uitsien na die toekoms aangesien baie van die struikelblokke uit die weg geruim is".

Klaas het klem geplaas op die feit dat 'n mens se agtergrond of omstandighede nie bepaal waar jy eendag gaan eindig nie. "Selfs as jy 'n leerling in 'n township-skool is, kan jy groot hoogtes in die toekoms bereik," het hy gesê. Hy het die voorbeeld gegee van 'n leerling van Nkqubela wat tans 'n dokter by die Robertson-hospitaal is. Hy het die feit uitgelik dat alle jongmense hul drome kan bereik as hulle hulself daarvoor beywer.

Dit is belangrik, het Van Schalkwyk gesê, dat die jeug deur musiek, dans, digkuns en drama hulself duidelik en onbevange kan uitdruk.

# Boland College Career Exhibition

**"I think you all know the circumstances around you. We don't want ourselves to be victims of our circumstances, but rather to move forward and use our circumstances as stepping stones as we move forward in life and empowering ourselves."**

So said Soyisile Mokweni, Municipal Manager at the Langeberg Municipality, as he addressed scholars and unemployed youth at last month's Boland College Exhibition which was held in Nkqubela.

More than 200 people attended the exhibition to find out more about Boland College's courses, application process and bursaries.

Before the exhibition took place, entertainment was provided by a local gumboot dance group and a choir.

Mokweni mentioned that those who have passed Grade 12 should be very careful when choosing a career path, as they should look at fields that would make them immediately employable in the job market.

During the exhibition, matriculants and unemployed youth asked questions about what Boland College has to offer them and also the minimum requirements for acceptance into various courses.

The college offers courses in fields such as Civil Engineering and Building Construction, Economic and Management Sciences, Engineering Studies, Hospitality, Tourism and Sport, Information Technology and Agriculture and Safety and Security, to name only a few.

Applicants can also apply for financial support and bursaries from the College and, if need be, those who live far away from the campus can also apply to live on the hostels.

The team at Boland College pledged to come back to Nkqubela in the near future to deliver another exhibition.

For more information about the courses, application process and bursaries that Boland College offers, visit www.bolandcollege.com.



Here a Boland College representative can be seen assisting a youth member from Robertson, who is seeking more information about the institution and what it offers.


LANGEBERG
MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | MASIPALA

FOR ALL EMERGENCIES AND CUSTOMER SERVICE

Contact: 0860 88 1111 or complaints@langeberg.gov.za

Queries or suggestions?
Do you have any suggestions on how we can improve our communication with you? Or do you perhaps have queries about any of our articles? Please contact Matthew Sheldon at msheldon@langeberg.gov.za or visit us at the Municipal Building, Main Road 28, Ashton, 6715.

Navrae of voorstelle?
Het u dalk enige voorstelle oor hoe ons ons kommunikasie met u kan verbeter? Of het u dalk navrae omtrent enige van ons artikels? Kontak Matthew Sheldon by msheldon@langeberg.gov.za of besoek ons gerus by die Munisipale gebou, Hoofweg 28, Ashton, 6715.

Imibuzo okanye iingcebiso?
Ingaba unazo kusini na iingcebiso malunga nendlela esinokuphucula ngalo unxibelwano kunye nawe? Okanye, ingaba unemibuzo ethile malunga nelinye lamanqaku ethu? Nceda ke uqhagamshelane no-Matthew Sheldon, ku-msheldon@langeberg.gov.za okanye umtyelele kwisakhiwo sakwaMasipala esise-28 Main Road, Ashton, 6715.

Join us at / Stay informed at

Langeberg Municipality Langeberg_Muni

www.langeberg.gov.za

Join our sms database
Email your municipal account number, ward number and cell number to Debiteure@langeberg.gov.za or visit your nearest Municipal Office.

Created by
LANGEBERG
MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | MASIPALA
Private Bag X2, ASHTON, 6715, Tel:023 615 8000


# Imiboniso ngeZemfundo yeKholeji yaseBolandi

"Ndiyacinga ninonke niyazi ngemeko ezininqongileyo. Thina asifuni ukuba ngamaxhoba eemeko zethu, endaweni yoko masiqhubele phambili size sizithathe ezimeko zethu sizisebenzise njengezibekelo esinyathela kuzo njengokuba sibheka phambili ebomini kananjalo sibe sizixhobisa."



The Gumboot Dancers, Nkqubela.

Utsho njalo uSoyisile Mokweni, UMphathi kaMasipala kuMasipala waseLangeberg, xa ebethetha nabafundi kunye nolutsha olungasebenziyo kwiMiboniso yenyanga ephelileyo yeKholeji yaseBolandi nebibanjelwe eNkqubela.

Bebengaphezu kwama-200 abantu ababehambele lomboniso beye kuzifumanela ulwazi olunzulu ngezifundo ezinikezelwa yiKholeji yaseBolandi, ngendlela yokwenza isicelo sokufunda khona kwanangemali-yesibonelelo yokuncedisana nabafundi.

Phambi kokuba kuqhubeke lombiniso, kuye kwabakho ukonwatyiswa oluziswe liqela lasekuhlaleni lomxhentso we-gumboots kunye nekwayala.

UMokweni ukwachaze nokuba abo baphumelele ibanga le-12 kufuneka baqaphele kakuhle xana bekhethe icala ubani anokulilandela ngokwezemfundo, nanjengoko kufuneka bajonge izifundo ezinokubenza bakwazi ukufumana umsebenzi msinyane.

Ngethuba kusenzeka lo mboniso, abafundi abenza imatriki kunye nolutsha olungasebenziyo babuze imibuzo malunga nezifundo ezinikezelwa yiKholeji yaseBolandi bekwabuza nangokuncinane okudingekayo ukuze ubani abenokwamkeleka ekwenzeni kwizifundo ezahlukeneyo.

IKholeji ibonelela ngezifundo ezifana neNjineli Zoluntu kunye Nokwakha, Ezoqoqosho kunye Nolawulo Lwenzululwazi, Izifundo Kwezenjineli, Ezokusebenza kwiindawo zokuhlala iindwendwe, uTyelelo kunye neZemidlalo, Ingcukacha Ngezobuchwephetshe, Ezolimo kunye neZokuphepha Nokhuseleko, ukubala nje ezimbalwa.

Abo bafaka izicelo banakho nokwenza isicelo sokubonelelwa ngemali yokuncedisana nabafundi kunye nezebhasarhi nezifumaneka kuleKholeji, kwakhona ukuba kukho isidingo, abo bahlala kude neziko lemfundo banakho ukwenza isicelo sokuhlala kwindawo ezilungiselelwe ukuhlala abafundi.

Iqela leKholeji yaseBolandi liye lazibophelela ekubuyeleni eNkqubela kwixesha elizayo ukuzisa omnye umboniso. Ngeenkcukacha ezithe vetshe malunga nezifundo, iinkqubo zokwenza izicelo kwakunye neebhasarhi ezinikezelwa yiKholeji yaseBoland tyelela ku-www.bolandcollege.com.

# Boland Kollege Loopbaanuitstalling

"Ek dink julle almal ken die omstandighede rondom julle. Ons wil nie hê ons moet slagoffers van ons omstandighede wees nie, maar wil eerder vorentoe beweeg en ons omstandighede gebruik as vastrapplek soos ons vorentoe in die lewe beweeg en onsself bemagtig."

So het Soyisile Mokweni, munisipale bestuurder by die Langeberg Munisipaliteit, gesê toe hy skoliere en werklose jongmense toesgepreek het by verlede maand se Boland Kollege Loopbaanuitstalling wat in Nkqubela gehou is.

Meer as 200 mense het die uitstalling bygewoon om meer uit te vind van Boland Kollege se kursusse, die aansoekproses en beurse.

Voor die uitstalling plaasgevind het, is vermaak verskaf deur 'n plaaslike steweldansgroep en 'n koor.

Mokweni het genoem dat dié wat gr. 12 geslaag het, baie versigtig moet wees wanneer hulle 'n loopbaanrigting kies, aangesien hulle velde moet kies waarin hulle onmiddellik in die arbeidsmark in diens geneem kan word.

Tydens die uitstalling het matrikulante en werklose jongmense vrae gevra



Soyisile Mokweni, munisipale bestuurder.



'n Plaaslike koor het vermaak verskaf voor die uitstalling begin het.

oor wat Boland Kollege het om hulle te bied en ook die minimum vereistes om vir verskeie kursusse goedgekeur te word.

Die kollege bied kursusse in velde soos siviele ingenieurswese en geboukonstruksie, ekonomiese en bestuurswetenskappe, ingenieurstudies, gasvryheid, toerisme en sport, inligtingstegnologie en landbou en veiligheid en sekuriteit, om maar 'n paar te noem.

Applikante kan ook vir finasiële steun en beurse by die kollege aansoek doen en, indien nodig, kan dié wat ver van die kollege af woon, ook aansoek doen om in die koshuise te woon.

Die span by Boland Kollege het onderneem om in die nabye toekoms na Nkqubela terug te keer en nog 'n uitstalling te hou.

Vir meer inligting oor die kursusse, die aansoekproses en beurse wat Boland Kollege studente bied, besoek gerus hul webwerf by www.bolandcollege.com.